

*Sondag 23 Januarie*

**Skrifgedeelte: Jesaja 55 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 55:8-11 (1983-vertaling); NGB Artikel 3**

**Die woord werk soos reën en sneeu in die dorheid van jou hart.**

**Gee daarop ag!**

Wanneer die Here in Jesaja 55:8 verklaar dat sy gedagtes nie ons gedagtes is nie, en ons optrede nie soos syne is nie, dan sê Hy dat Hy anders as ons is. Hy is heilig en ons is sondig. Toegee aan sonde het tragiese gevolge. Die volk tot wie Jesaja 55 oorspronklik gespreek het, was daarvoor in ballingskap. Waar gaan ons opeindig as ons nie ons sondige selfgerigtheid stop en agterlaat nie?

Is dit enigsins moontlik dat ons gedagtes en optrede soos die gedagtes en optrede van die Here kan word? Ja, God maak dit vir ons moontlik! Soos reën en sneeu uit die hemel die aarde verkwik en vrugbaar maak, so verkwik sy woord ons dorre harte en maak ons vrugbaar vir Hom. Hy het selfs sy vleesgeworde Woord (sy Seun) uit die hemel aan ons gegee. Sy Seun het nie net sy gedagtes en optrede in volmaaktheid aan ons bekend kom maak nie, Hy het ook aan die kruis die straf vir ons eiewilligheid en selfgerigtheid kom dra. Daar het sy genade nie opgehou nie. Hy het sy bekendmaking deur sy Gees aan sy profete en apostels op Skrif laat stel om ons genoegsaam te leer wat ons moet weet om sy gedagtes en optrede te ken, sodat ons daarvolgens kan leef, en ons gedagtes en optrede soos syne kan word.

In ons teks is daar 'n belofte: die Woord van die Here keer nie onverrigtersake na Hom terug nie. Jy wat verlossing in Christus ontvang het, stel jouself voortdurend, gewillig en met blydschap aan God se Woord bloot. So word jy wat dors is, verkwik (vs 1). Jy leer immers wat die wil van die Here is (vs 6), en die water van die evangelie maak jou hart vrugbaar om 'n volle oes vir Hom in jou lewe te lewer.

*Sing: Psalm 25-1:2, 6*

*Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)*